Wes-Kaapse Regering
VIR JOU

# BELANGRIKE KENNISGEWING

## TAALPRAKTISYNS: VRYSKUT VERTALERS, REDIGEERDERS EN TOLKE IN ENGELS, AFRIKAANS, ISIXHOSA EN SUID-AFRIKAANSE GEBARETAAL (SAGT)

Die Departement van Kultuursake en Sport nooi vryskuttaalpraktisyns om vir die periode 1 Oktober 2023 tot 30 September 2026 aansoeke in te dien vir insluiting op die Wes-Kaapse Regering se databasis van vryskuttaaldiensverskaffers.

Vertalers, redigeerders en tolke (uitgesluit SAGT) moet oor ’n toepaslike 3-jaar Nasionale Diploma/B-graad (gelykstaande of hoër kwalifikasie) beskik, asook bewese vaardighede in vertaling, redigering, proefleeswerk en tolking. Aansoekers vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal-tolking moet ’n toepaslike Gebaretaal-kwalifikasie hê. Alle aansoekers moet ten minste vyf jaar se toepaslike ervaring (oor die afgelope 10 jaar) hê.

**1. Aansoeke**

Aansoeke moet:

1.1 ’n Kort CV insluit wat toepaslike kwalifikasies en ondervinding beskryf.
1.2 Die aansoeker se moedertaal spesifiseer, sowel as vlotheid en goeie skryfvaardighede in ander tale.
1.3 Die taaldiens beskryf wat die aansoeker kan bied.
1.4 Enige gespesialiseerde vakgebiede (geregtelik, finansieel, omgewing ens.) beskryf waarin die aansoeker al voorheen gewerk het, gesteun deur voorbeelde van die werk wat hy of sy gedoen het.
1.5 Drie verwysingsverslae insluit wat die kontakbesonderhede bevat van klante of instellings vir wie die kandidaat taalverwante dienste verskaf het.

**2. Diensverskaffer se voldoening**

**2.1 Registrasie as ’n diensverskaffer vir die regering**

Alle diensverskaffers van die regering moet op beide die Nasionale Tesourie se Sentrale Verskaffersdatabasis (SVD) en die Wes-Kaapse Verskaffersbewysebank (WKVBB) registreer. Die Departement sal slegs kwotasies vir werk aanvaar van verskaffers wat op beide die SVD en WKVBB geregistreer is. Aansoekers wat tans nie op die SVD gesregistreer is nie, kan self by https://secure.csd.gov.za/ registreer.
Vir registrasie op die WKVBB, kan al die noodsaaklike vorms by ons kantoor by Meryl.Davidson@westerncape.gov.za gekry word.

**2.2 Voldoening aan belasting**

Aansoekers moet verseker dat hul belastingstatus by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) in orde is en moet, indien nodig, bewyse hiervan verskaf.

**3. Voorwaardes**

**Die sluitingsdatum vir aansoeke is Donderdag, 24 Augustus 2023.** As deel van die aansoekproses word daar van aansoekers vereis om ’n praktiese toets af te lê. Die suksesvolle kandidate sal ’n Gedragskode en Diensvlakooreenkoms teken voor hulle by die Departement se databasis van vryskuttaalpraktisyns gevoeg word. Aansoeke wat nie aan die bogenoemde vereistes voldoen nie, sal gediskwalifiseer word.

**Navrae:**

Meryl Davidson
Tel nr.: 021 483 9850
E-pos: Meryl.Davidson@westerncape.gov.za

Aansoeke kan by die bodkassie op die Grondvloer van die Protea Assuransie-gebou, Groentemarkplein, Kaapstad afgelewer word.